

27 Augustus

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 4:1-12
Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 4:1, 10

Groei nog meer in heilig-wees en naasteliefde

Om God se wil by óns oortuigings aan te pas, is 'n groot gevaar vir gelowiges. Gelowiges moet altyd **NOG MEER** luister na God se wil. Waar daar nie groei in heiligmaking en opregte liefde is nie, tree geestelike verval gou in.

Eerstens: Lê julle nog meer toe op heilig wees in jou seksuele lewe. Die Tessalonisense-gemeenskap was onbewus van die gebod: *“Jy mag nie egbreuk pleeg nie”* (Eks. 20). Ook het hulle nie Jesus hoor leer: *“Elkeen wat na 'n vrou kyk en haar begeer, het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg”* (Matt. 5:28) nie. Die heidense bure van die Christene se losbandige seksuele moraliteit kon hulle op sleeptou neem. Daarom die opdrag: Wees nog meer heilig te midde van 'n onheilige wêreld.

Wat bepaal ons seksuele moraliteit vandag? Die algemene leefstyl is glad nie “heilig” nie. Die betekenis van God se wil word by die wêreldse idees van vryheid aangepas. Dit mag nie, want om heilig te wees, is nie deur mense uitgedink nie. *Wie hierdie voorskrifte verwerp ... verwerp God wat ook sy Heilige Gees aan julle gegee het* (1 Tess. 4:8).

Bekeer jou en leef meer heilig ten opsigte van waar jou oë kyk (uitlokkende Internet-bladsye, fliëks en tydskrifte), wat jou gedagtes stuur (boeke, gesprekke, foto's) en watter dade jy pleeg ('n buite-egtelike verhouding).

Ten tweede: Lê julle meer toe op broederliefde. Wees rustig, moenie inbreuk maak op ander se tyd nie en moenie aanspraak maak op versorging as jy self brood op die tafel kan plaas nie. Moenie liefde opeis wanneer jy nie eerbaar leef nie, bewys eerder liefde en dwing agting af.

Sowel in ons heiligmaking as broederliefde is ons getuies vir Christus, want ons dwing agting by die gemeenskap af. 'n Godgehoorsame lewenstyl trek ongelowiges nader aan Hom (HK, Sondag 32:86).

Sing: Psalm 99-1:1, 5

Dr. WC Opperman (Windhoek-Suid)